

18 Oktober

**Skrifgedeelte: Matteus 6:1-21**  
**Fokusgedeelte: NGB, Art 24**

### **Goeie werke word beloon**

Na vandag kan jy nie sê dat jy nie gewaarsku is nie. Jy MOET vir jou 'n skat in die hemel bymekaarmaak. Belê in die hemel! Dis 'n direkte opdrag van ons Here. Waarvoor sal 'n mens 'n belegging in die hemel nodig hê? Is die hemelse heerlikheid dan nie genoeg nie? Wat sal 'n mens tog in die hemel wil koop?

Dit gaan nie oor koop nie. In die hemel gaan dit om iets anders; om eer en heerlikheid aan God te bring. Wanneer jy God op sy troon sien en 'n onbelemmerde uitsig op sy grootheid, liefde en genade het, sal dit al wees wat jy wil doen. Jou hoogste vreugde sal wees om met hart, siel, verstand, al jou kragte ÉN ook met geskenke God te loof en te dank. Daarvoor bring mense hulle hemelskatte na die Nuwe Jerusalem toe (Open 21:26). Hoe meer skatte, hoe meer sal jy God kan dank!

Begin dus vandag op die regte plek belê. Noodwendig beteken dit 'n klemverskuiwing in jou lewe, van aardse skatte na hemelskatte (vers 19). Deur godsdiens (vers 1), hulp aan mense in nood (vers 2), gebede (vers 6), toewyding aan God (vers 18), offervaardigheid (Luk 18:29) en dienswerk (1 Kor 3:14) kan jou belegging vir 'n ewige dankbaarheidslewe groei. Die rente-opbrengs is fenomenaal ("honderdvoudig!" – Matt 19:29) en die risiko's nul (vers 20). Boonop sal die hemelse blydschap nou reeds in jou lewe begin deurskemer. Want, waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees (vers 21).

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*